

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

5 SAAKNOMMER:

A.25/2004

DATUM:

16 MEI 2008

In die saak tussen:

SIMON JESAJA LEEN

Appellant

10 en

DIE STAAT

Respondent

UITSPRAAK

15

GRIESEL, R:

Die appellant is in die streekhof te George skuldig bevind op 'n
aanklag van onsedelike aanranding, gelees met die bepalings
van artikel 51 van die Strafwyatingswet, 105 van 1997. Die
streeklanddros kon geen wesenslike of dwingende
omstandighede vind wat die oplegging van 'n mindere vonnis
as die voorgeskrewe vonnis regverdig nie en die appellant is
daarop gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf. Hy kom tans in
hoer beroep teen beide die skuldigbevinding en vonnis.

/
IM/

Die gebeure wat tot die huidige appèl aanleiding gegee het, het so lank gelede as 19 September 1998 plaasgevind. Die appellant en die klaagster het in daardie stadium 'n saamleefverhouding gehad.

Op die betrokke aand het hulle by van die appellant se familie gekuier, waar die appellant heelwat gedrink het. Die klaagster het later opgestaan en geloop. Appellant is agterna 10 en het haar aan die arm gesleep, teen 'n wal afgegooi en haar aangerand. Hy het daarna haar klere uitgetrek en haar beveel om op haar maag te lê sodat hy anal omgang met haar kon hé. Die klaagster het geweier en haar teëgesit. Die appellant het haar egter oorweldig en het haar in die proses sekere 15 wonde toegedien deur haar, onder andere, op die boud en agter haar skouer te byt. Sy het in die proses ook 'n kneuswond aan haar linker bobeen opgedoen sowel as verdere wonde aan haar kneukels.

Daarna het die appellant voortgegaan om anale seks met die 20 klaagster te hé. Sy het in die proses heelwat pyn ervaar. Volgens die klaagster het sy later aan daarin geslaag om die appellant van haar af te gooien en het sy sonder haar klere na 'n nabigeleë plakkerkamp gevlug waarsy om hulp gevra het. Die 25 mense daar het vir haar die nodige bedekking gegee en van /

haar gesinslede het haar later daar kom haal en teruggeneem huis toe.

Sy het die voorval die volgendeoggend aan die polisie gaan rapporteer en is ook na die distriksgeneesheer geneem waar sy ondersoek is. Ten tyde van die verhoor was die betrokke dokter in die buitenland, maar haar verslag soos verwat in die J88 is met toestemming van die verdediging ingehandig as bewyssstuk. Behalwe vir die beserings wat ek reeds genoem het, het die distriksgeneesheer 'n vars skeur van ongeveer 2cm lank aan die klaagster se anus gevind. Daar was ook bloeding teenwoordig.

Die appellant se weergawe was 'n blote ontkenning. Hy het getuig dat hulle wel die betrokke aand by sy suster gekuier het, maar hy ontken dat hy die klaagster enigsins aangerand het.

In sy uitspraak het die streeklanddros die getuenis deeglik bespreek en ontleed, gedagtgig daaraan dat die klaagster 'n enkelgetuie was. Hy was egter tevreden op sterkte van haar getuenis, soos gestaaf deur die objektiewe feite sowel as die algemene waarskynlikhede dat die skuld van die appellant bo redelike twyfel bewys is.

Op appèl voor ons is geargumenteer dat die streeklanddros fouteer het deur die klaagster se getuenis te aanvaar. Daar is ook gewys op die afwykings tussen haar getuenis en haar polisieverklaring.

5

Ek is egter tevredes dat die streeklanddros deeglik van hierdie probleme bewus was en dit behoorlik in sy uitspraak aangespreek het. Ten spye van die gebreke waarop die verdediging steun, was hy tevredes, wat die wese van haar getuenis aanbetrif, dat die klaagster wel 'n geloofwaardige getuie was. Hierdie geloofwaardigheidsbevinding word ten volle deur die oorkonde gestaaf. Wanneer haar getuenis dan opgeweeg word teen die blote ontkenning van die appellant, is dit myns insiens duidelik dat sy weergawe nie redelik moontlik waarskynlik nie.

- Dit volg dat daar geen gronde bestaan om met die skuldigbevinding in te meng nie.
- Wat vonnis aanbetrif, het die streeklanddros homself gebonde geag aan die bepalings van die minimum vonnis wetgewing. Die enigste vermelding van onsedelike aanranding in die betrokke wetgewing is in Deel III van Bylae 2 waar 'n vonnis van tien jaar gevangenisstraf voorgeskryf word vir onsedelike aanranding op 'n kind onder die ouderdom van 16 jaar waarby / ...

die toediening van liggaamlike leed betrokke is. Die huidige klaagster val kennelik nie in daardie kategorie nie. Dit volg dus dat die streeklanddros in hierdie opsig misgetas het met die gevolg dat dit hierdie Hof vrystaan om self oor 'n gepaste 5 vonnis te besin sonder om aan die betrokke wetgewing gebonde te wees.

Met inagneming van die jeugdigheid van die appellant sowel as die ander persoonlike omstandighede, is ek van oordeel dat 'n 10 vonnis van ses jaar gevangenistraf in die omstandighede gepas sal wees. Weens die bostaande redes, sou ek die appèl teen skuldigbevinding van die hand wys, maar die appèl teen die opgelegde vonnis handhaaf deur die opgelegde vonnis ter syde te stel en te vervang met een van ses jaar 15 gevangenistraf, wat terugdateer word tot datum van vonnisoplegging, dit wil sê 30 Mei 2003.

LE GRANGE, R: Ek stem saam.

20

LE GRANGE, R

GRIESEL, R:

Griessel